

## **2018 Volksvergadering Referaat:**

### **“Die getuienis van Skrifgetalle in ons volk se geskiedenis”**

29 September 2018

#### **Inleiding**

1. Die stelling word ondersoek na waar Skrifgetalle in ons volk se geskiedenis voorkom en waarvan dit getuig.
2. Dit is belangrik om te verstaan die stelling word nie bevraagteken nie maar dat dit aanvaar word daar kom daarvan voor in ons volk se geskiedenis en dat dit 'n bepaalde boodskap vir die volk inhou.
3. Daar is oortuigende redes waarom die geldigheid van die stelling dat Skrifgetalle betekenis dra, nie bevraagteken word nie. Dit kan soos volg saamgevat word:
  - 3.1 Ons Hemelse Vader is almagtig en dit is volkome binne sy vermoë om so op te tree;
  - 3.2 Dit is bekend dat ons Hemelse Vader op verskillende wyses met sy kinders en die volk kommunikeer;
  - 3.3 Die Skrif self bevat velerly voorbeelde dat getalle betekenis dra;
  - 3.4 Heelwat volksgenote het al ervaring daarvan dat Skrifgetalle betekenis in hul lewens dra.

#### **Die benaderingswyse**

4. Om betekenis in Skrifgetalle te vind is 'n geestelike saak en berus op geloof. Die volgende Skrifverwysings kan dien as grondslag:
  - 4.1 Om te sien moet ons eers glo – Joh 11:40
  - 4.2 Die belofte vir ons is dat “wie soek sal vind” - Mat 7:7
  - 4.3 “Dit is die eer van God om 'n saak te verberg, maar die eer van Konings om 'n saak na te speur” – Spr 25:2
5. In die lig van voorgaande word volksgenote derhalwe aangemoedig om in die geloof die betekenis van Skrifgetalle verder te ondersoek.

6. In hierdie werkstuk word hoofsaaklik van die algemene Skrifgetalle en hulle samestellings, gebruik gemaak. Daar moet egter deurentyd in gedagte gehou word dat:
  - 6.1 'n Verskeidenheid van metodes en teorieë ten opsigte hiervan bestaan;
  - 6.2 Daar met versigtigheid te werk gegaan moet word aangesien eie menslike interpretasie 'n rol kan speel. Ook moet deurentyd in gedagte gehou word die gevaar van onbehoorlike beïnvloeding deur bese numerologie bestaan.
7. Vir doeleindes van hierdie werkstuk is met aandag kennis geneem van die Skrifgetalle wat “toevallig” aangetref is sonder 'n deurtastende ondersoek en is daar ook kennis geneem van getalle wat hulself herhaal het. Aangesien dit 'n geloofsaak is, is kennis geneem van watter getalle opvallend was. Daar is weggestuur daarvan om berekeninge te doen of om die fokus te plaas op ander betekenis as die positiewe.
8. Dit moet ten aanvang gesê word dat die ondersoek ten beste maar baie oppervlakkig was en dat die onderwerp verdien om eerder as 'n lewenstaak benader te word. Daar is derhalwe veel ruimte vir aanvulling tot die inhoud hiervan.

### **Basisgetalle in die Skrif**

9. In hierdie werkstuk word na die volgende Skrifgetalle, hul betekenis en die boodskap wat hulle dra verwys:
  - 3 - Betekenis: Goddelike volmaaktheid/openbaring  
Finale werklikheid  
Boodskap: “Ons Hemelse Vader openbaar hierdie as werklikheid”
  - 5 - Betekenis: Genade  
Boodskap: “Hierdie is My genade”
  - 6 - Betekenis: Die mens/vlees

- 7 - Betekenis: Geestelike volvoering/voltooidheid  
Goddelike voorsiening in volmaaktheid  
Boodskap: “Hierdie is My handewerk, Ek is tevrede daarmee”
  
- 10 - Betekenis: Goddelike orde/outoriteit  
Boodskap: “Ek het hierdie verorden”  
“Ek het hieraan outoriteit verleen”
  
- 12 - Betekenis: Profetiese/bestemde volmaaktheid, afronding, raadsplan  
Boodskap: “Hierdie het Ek vervolmaak en Ek het ‘n plan daarmee”

### **Saamgestelde getalle**

10. Dit is ook algemeen dat samestellings van basisgetalle in die Skrif voorkom en dat sulke getalle verbandhoudende betekenis dra:

- 9 - Betekenis: 3x3, volmaaktheid
  
- 15 - Betekenis: 3x5, Goddelike openbaring van genade  
Finale werklikheid uit genade  
Boodskap: “Hierdie is openbaring van My genade”  
“Hierdie is die finale werklikheid uit My genade”
  
- 17 - Betekenis: 10+7, geestelike oorwinning/volwassenheid  
Boodskap: “Hierdie is toonbeeld van geestelike oorwinning/  
volwassenheid”
  
- 30 - Betekenis: 3x10, Goddelike openbaring van Sy ordening/outoriteit  
Boodskap: “Vader het hierdie so verorden. Dit is die werklikheid oor die saak”

- 40 - Betekenis: Goddelike beproewing/voorbereiding  
Boodskap: "Vader gebruik hierdie as beproewing/voorbereiding"
- 50 - Betekenis: 10x5, Goddelike verordening uit genade  
Goddelike jubileumjaar/bevryding  
Boodskap: "Hierdie is Vader se verordening van bevryding uit genade"
- 60 - Betekenis: 10x6, Goddelike verordening van menslike/vleeslike beheersing  
Boodskap: "Hierdie het Vader verorden in die vleeslike beheersing daarvan"
- 70 - Betekenis: 10x7, Goddelike verordening en die volvoering daarvan  
Die volmaakte uitoefening van geestelike orde en die manifestasie van Goddelike krag as gevolg daarvan  
Boodskap: "Hierdie is Vader se verordening, is deur Hom daar gestel en tot Sy tevredenheid."
- 120 - Betekenis: 3x40, volmaakte Goddelike beproewing  
Boodskap: "Ons Vader het hierdie volmaakte Goddelike beproewing (daargestel)"
- 175 - Betekenis: 100+70+5, volmaakte volvoering van Goddelike verordening uit genade  
Boodskap: "Vader het hierdie uit genade verorden en Hy is tevrede met die volmaakte volvoering daarvan"

11. Aan die hand van voorgaande kan menige getalle saamgestel word en betekenis aan geheg word.

## **Skrifgetalle in ons geskiedenis**

### **12. Ons wordingsgeskiedenis:**

- 12.1 Met die vroegste ontdekkingsreise om die Kaap het Diaz en Da Gama kruise op die kuslyn opgerig. Na verskeie insidente van konflik met die inboorlinge is 'n verbod geplaas op seevaarders om aan die Kaap aan wal te gaan.
- 12.2 Na ongeveer honderd jaar strand die Hollandse skip Nieuwe Haarlem aan die Kaap en 60 seemanne leef in 'n skulling in Tafelbaai vir 12 maande lank.
- 12.3 'n Vloot van 12 Hollandse skepe vanaf Batavia red hulle. Aan boord was Jan van Riebeeck. As gevolg van hul ervaring word 'n voorlegging aan die Here XVII gemaak en word besluit om 'n halfwegstasie aan die Kaap in te rig.
- 12.4 Interpretasie: Ons Hemelse Vader het die 60 seemanne in hulle menslikheid gebruik in 'n volmaakte uitvoering van Sy plan met die Kaap, wat blyk uit die groep van geestelik volwassenes, die Here XII, se besluit om in antwoord op die gebede van die ou seevaarders en die getuienis van die kruise deur hulle geplant, die Christelike leer, verteenwoordig deur die protestantisme, na die suidpunt van Afrika te bring.

### **13. Die Franse Hugenote:**

- 13.1 In die 12 maande tydperk 1688 – 1689 arriveer ongeveer 175 Franse Hugenote met 7 skepe in die Kaap.
- 13.2 Hulle word met 'n konvooi van 12 waens na Drakenstein geneem (Franschhoek) wat 70 kilometer vanaf Kaapstad geleë is.
- 13.3 Interpretasie: Deur die getalle sê ons Hemelse Vader dat die koms van die Franse Hugenote Sy volmaakte handewerk is waarmee Hy 'n bepaalde plan gehad het.

### **14. Die Groot Trek:**

- 14.1 Beide Louis Trichardt en Lang Hans van Rensburg se trekke het uit 49 mense (7x7) bestaan. Louis Trichardt s'n was ook 7 egpare.
- 14.2 Die betekenis daarvan is dat dit ons Vader se toedoen is en dat hy daarmee tevrede was.

- 14.3 Hendrik Potgieter se geskiedenis as Trekkerleier spreek van beproewinge en volharding. Hy het met 40 waens en 200 mense (5x40) getrek.
- 14.4 Die betekenis daarvan getuig van sy trek se dubbele beproewings en sy mense wat slegs deur 'n gelyke mate van genade gedra is.
- 14.5 Sarel Cilliers, toe 34 jaar oud (3+4=7), het met sy 7 gesinslede en met 7 ander families by Potgieter aangesluit. Saam was hul trek ten minste 70 waens groot.
- 14.6 Interpretasie: Ons Hemelse Vader het bepaald vir Sarel Cilliers laat trek en sy lewe tot sy welbehag gebruik.
- 14.7 Gert Maritz en Hans Dons de Lange se trek het bestaan uit 100 waens en sowat 700 mense. 'n Kenmerk was Gert Maritz se 7 blou waens.
- 14.8 Interpretasie: Gert Maritz se trek was klaarblyklik 'n volmaakte Goddelike verordening tot welbehag van ons Hemelse Vader.

## **15. Die slag van Vegkop:**

- 15.1 Daar was 50 waens (10x5) in die laer. 33 weerbare mans en 7 seuns = 40 het die aanval afgeweer. 3 waens is in die middel van die laer getrek om die vrouens en kinders te beskerm.
- 15.2 Daar is met die aanval 7 perde gedood in die laer en daar was in totaal 14 (2x7) gewondes as gevolg van die 1 137 assegaai wat die laer binnegedring het.
- 15.3 Voor die aanval was die 80 trekkere wat deur die bloeddorstige aanvallers dood gemaak en rou opgeëet is inderdaad 'n dubbele beproewing (2x40) vir die beangste Trekkers in die laer. Paul Kruger as jongeling van 12 jaar was ook in die laer teenwoordig.
- 15.4 Interpretasie: Die aanval by Vegkop was vir die Trekkers 'n geloofs-beproewing klaarblyklik bestem om te getuig van Vader se genadige versorging te sien in die getal perde gedood en die getal gewondes. Hoe ons Hemelse Vader dit gebruik het in die lewens van Sarel Cilliers en Paul Kruger in die latere geskiedenis, is vanselfsprekend.

## **16. Retief se manne gedood op Moordkoppie:**

- 16.1 Aanvanklik wou Piet Retief met 200 manne (5x40) met Dingaan gaan onderhandel. Dit sou inderdaad dan 'n massiewe beproewing vir die

Trekkers tot gevolg gehad het, wat net deur die groot genade oorkom sou kon word.

- 16.2 Retief se moord saam met sy 70 manskappe was nie tevergeefs nie. As dit nie vir hierdie gebeurtenis was nie sou daar waarskynlik geen Bloedrivier gewees het nie en sonder Bloedrivier sou daar geen gelofte gewees het nie.
- 16.3 Interpretasie: Ons Hemelse Vader het hierdie insident in Sy volmaakte uitoefening van geestelike orde en die manifestasie van sy krag as gevolg daarvan, gebruik tot sy verheerliking.

## **17. Die aanval op Gatslaer/Veglaer 13 Augustus 1838:**

- 17.1 75 weerbare manne (70+5) het op dag 3 die aanval te bowe gekom.
- 17.2 Interpretasie: Ons Vader se volmaakte verordening en Sy volvoering uit genade deur die Trekkers in Natal behoue te laat bly, spreek uit hierdie getalle.

## **18. Die slag van Bloedrivier:**

- 18.1 Aanvanklik vertrek 57 (50+7) waens en sluit Karel Landman met 7 waens by hulle aan.
- 18.2 Die gelofte word onbepland 7 maal herhaal.
- 18.3 Interpretasie: Die aflê van die gelofte en die uitslag van die veldslag spreek daarvan dat dit ons Vader se toedoen uit genade was tot Sy verheerliking.

## **19. Die slag van Majoeba:**

- 19.1 Paul Kruger se woorde vooraf en die Paardekraalgelofte dien as agtergrond. President Kruger het na die voorafgaande jare as "40 jaar van smart en lyding" (= beproewing) verwys.
- 19.2 150 vrywilligers (10x5x3) het die Engelse op die berg bestorm. Daar is slegs 7 Boere raak geskiet (2 gesneuweldes en 5 gewondes).
- 19.3 Interpretasie: As gevolg van ons Hemelse Vader se volmaakte toedoen uit genade staan die veldslag as geloofsaltaar vir ons volk wat tot die eer van ons Hemelse Vader getuig.

## **20. Die Tweede Anglo-Boere oorlog:**

- 20.1 Geen Skrifgetalle het in die verloop van die oorlog opgeval nie.
- 20.2 Dit was egter opvallend om raak te sien dat die Duitse Mausers wat die Boere gebruik het 7x57 kalibers was. Dit korrespondeer met die getalle 7 en 57 waens wat na Bloedrivier geneem is.
- 20.3 Die laaste veldslag, naamlik by Roodewal op 11 April 1902 aan die Hartsrivier openbaar 43 gesneuweldes (40+3) en 120 gewondes (10x12).
- 20.4 Interpretasie: Die dubbele beproewing vir die volk as 'n finale werklikheid spreek uit die getal gesneuweldes terwyl die groot getal gewondes die bestemde afronding as Goddelike verordening verteenwoordig.

## **21. Die vrede van Vereeniging:**

- 21.1 Daar het in totaal 60 afgevaardigdes namens die Boere opgetree. 54 het ten gunste van vrede gestem en 6 daarteen.
- 21.2 Interpretasie: Die gebroke menslikheid spreek uit hierdie getalle.

## **22. Jopie Fourie en die rebellie:**

- 22.1 Jopie Fourie se familie en ander het in die 10de jaar na Bloedrivier met 10 waens na die omgewing van Pretoria verhuis.
- 22.2 Die rebellie volg op die parlamentsitting van 9/9/1914 toe met 92 teen 12 stemme ten gunste van deelname aan die kant van Engeland in die oorlog gestem is.
- 22.3 Interpretasie: Uit die getal 10 blyk die Goddelike verordening van verhuising na die Pretoria omgewing en uit die getal 12 die bestemde volmaaktheid in die aantal stemme wat van ons Vader se plan met die rebellie getuig.
- 22.4 Jopie Fourie het 50 lede (10x5) in sy kommando gehad. Dit getuig van ons Vader se verordende genade in sy lewe.
- 22.5 Sy kommando word 12 keer deur die regeringsmagte aangeval en in die eerste sneuwel 12 regeringsoldate. Die bestemde volmaaktheid in hierdie optrede spreek vanself.
- 22.6 Met vonnisoplegging by sy verhoor pleit hy om genade vir sy broer wat 5 jaar gevangenisstraf ontvang. Op die oggend voor sy teregstelling met sonop tel hy self die aantal skutters wat verby sy sel marsjeer, naamlik 10 (2x5).



Aanvanklik is hy meegedeel dat hy net 5 minute gegun word om sy broer te groet, daarna was die boodskap 10 minute (2x5) en uiteindelik is sy broer toegelaat om 60 minute (5x12) by hom deur te bring.

- 22.7 10 maande na sy teregstelling kon sy familie sy liggaam kry en hom herbegrawe. Daar was 5 koeëlgate in sy bors.
- 22.8 Interpretasie: Dwarsdeur sy lewe, verhoor en teregstelling spreek die verordende genade van ons Hemelse Vader oor sy lewe.
- 22.9 Met sy herbegraving word daar 187 kranse op sy graf geplaas. Dit staan opgeteken as 'n stille getuigenis van die waarheid van die profesie vervat in Jesaja 18:7 met betrekking tot ons volk se toekoms.
- 22.10 Met die laaste slag van die rebellie word generaal Kemp by Upington oorweldig en gevang. 30 (10x3) rebelle sneuwel, 90 (3x30) word gewond en generaal Kemp word 'n vonnis van 7 jaar gevangenisstraf opgelê.
- 22.11 Interpretasie: Die rebellie was duidelik Vader se verordening en al het dit misluk is vele geskiedskrywers van mening dat die rebellie en Smuts se hardvotige teregstelling van Jopie Fourie steeds 'n wesenlike rol gespeel het met die verkiesing van 1948.

### **23. Bewind van die Nasionale Party:**

- 23.1 Dokter Malan se Herenigde Nasionale Party wen die verkiesing met 70 setels. Daaruit blyk ons Hemelse Vader se verordening daarvan tot sy verheerliking.
- 23.2 In die 40 jaar (1936 – 1977) verander die werkerskorps van Afrikaners van 25 persent kantoorwerkers (5x5) tot 66 persent kantoorwerkers (dubbele vleeslikheid) en neem die 40 persent boeregemeenskap af tot net 9 persent. In hierdie syfers word die toenemende vleeslikheid onder ons volk bespeur.
- 23.3 Oor die 40 jaar vanaf die 1933 depressie tot 1973 is die gemiddelde groeikoers van Suid-Afrika se ekonomie 5 persent per jaar.
- 23.4 Interpretasie: Dit was die dubbele beproewingstyd van die Afrikaner volk – sou ons te midde van die voorspoed aan ons roeping as Godsvolk getrou bly? Die groei van ons ekonomie was uit genade konstant so hoog.

## **24. Die bewind van Doktor Verwoerd:**

- 24.1 Die aantal koukuslede wat vir hom as Eerste Minister gestem het was 177 (100+77). Hierdie getal spreek dat sy leierskap ons Hemelse Vader se verordening was waarmee hy uitsonderlik tevrede was.
- 24.2 Die geskiedskrywer Gilliomee beskryf die tydperk 3 Februarie 1960 tot 31 Mei 1961, dit wil sê vanaf Doktor Verwoerd se antwoord op McMillain se "*Winds of change*"- toespraak tot en met Republiekwording, as "Verwoerd se 500 dae" (10x50) waartydens sy mag gevestig is.
- 24.3 Die datum van die referendum oor Republiekwording, naamlik 5/10/1960 spreek ook van die verordende genade uitgespreek oor die Republiek.
- 24.4 Uiteindelik slaag die stem ten gunste van Republiekwording met ongeveer 75 000 stemme wat weereens getuig van die Goddelike verordening en die genade.
- 24.5 Uit wyle mevrou Verwoerd se dagboek (wat onlangs bekend geword het) blyk dit dat sy in besonder haar dankbaarheid daarvoor uitgespreek het dat hy 5 jaar van die Republiek kon vier alvorens hy oorlede is.

## **25. Die moderne Nasionale Party se bewind:**

- 25.1 Selfs in 1970 regeer die Nasionale Party met 'n meerderheid van 70 setels. Dit getuig van ons Hemelse Vader se volgehoue betrokkenheid by die volk.
- 25.2 Presies 30 jaar na McMillain se "*Winds of change*" -toespraak op 3/2/1960 naamlik op 2/2/1990 kondig FW de Klerk die ontbaning van die ANC aan.
- 25.3 Interpretasie: 30 jaar (3x10) dui daarop dat die volk se afstand van mag aan die magte van Afrika 'n Goddelike verordende finale werklikheid sou word.
- 25.4 Die mate waartoe dit so bestem was blyk uit die feit dat na die 1994-verkiesing 7 politieke partye in die parlement verteenwoordig was.

## **26. Die Dakar-geselskap:**

- 26.1 In 1987 het 60 individue (10x6) in Dakar met die ANC leierskap vergader. Op daardie stadium was die projeksie dat die ANC 60 persent van die stemme in 'n algemene demokratiese verkiesing sou wen.
- 26.2 Daarna voer Doktor Niel Barnard 60 gesprekke met mnr Nelson Mandela voor sy vrylating uit die gevangenis.
- 26.3 Interpretasie: Die menslike optrede spreek uit hierdie getalle.

## **27. Regse reaksie op politieke verandering:**

- 27.1 In 1991 kom 'n Republikeinsgesinde eenheidskomitee uit geledere van Boere-Afrikaners byeen met 25 stigterslede (5x5). 'n Volkseenheidskomitee kom daaruit na vore wat 70 volksorganisasies verteenwoordig. Die getalle spreek van 'n mate van geestelike verordening uit genade.
- 27.2 Hierdie volkseenheidskomitee tree in verbinding met 'n regse politieke party en die identifisering dat dit die samevoeging van Boere-Afrikaners is, word uit die literatuur verwyder. Hierna word geen meer noemenswaardige Skrifgetalle in die groter politieke gebeure waargeneem nie.
- 27.3 Die tweede volksvergadering gehou te Nampo op 10/10/2010 spreek inderdaad van ons Hemelse Vader se dubbel genade.

## **28. Afriforum se krisisberaad:**

- 28.1 Op kort kennisgewing reël Afriforum 'n krisisberaad vir 5/5/2015 in die saal van die Voortrekkermonument.
- 28.2 'n Groot aantal mense daag op. Onderhewig aan regstelling is 1 535 toegangsbewyse uitgereik (3x5 plus 7x5).
- 28.3 Interpretasie: Ons Hemelse Vader is steeds uit genade besig om optrede in belang van die volk en tot Sy verheerliking aan te neem.

## **Gevolgtrekking**

- 29. Uit voorgaande dien tot die gevolgtrekking gekom te word dat velerly getuienisse van Skrifgetalle in ons volk se geskiedenis gevind word.

ORANIA

29 SEPTEMBER 2018